



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 16 April 2020

Gedagte van die week:

Ek is meer as net maar nog 'n mens ... baie meer. Vreemd dat dit my nederig maak.

Teks van die week:

1 Petrus 1:1-16

Meditasie uit die Woord:

Verse 1 en 2 is só vol gelaai, dat ek kies om hierdie week nét daarby stil te staan. Dit bestaan uit 5 pepermente wat **stadig en behoorlik** gesuig moet word. Een vir een. Bietjie vir bietjie. En só proe dit vir my:

Peperment 1: Ek is uitverkies deur God. Suig dit 'n bietjie. Laat dit op jou tong lê. Proe jy dalk bevoorregting, begenadiging, begunstiging, verwondering ... en wil jy dalk met verbasing net vinnig vra: "Ek? Uitverkies? Regtig? Hoekom?" God kies om mense lief te hê, kies om my lief te hê. As jy dit proe sal jy nooit trots wees op jou geloof nie, maar net nederig dankbaar dat jy mag en kan glo soos jy glo! Dan sê jy iets soos: Ek kan nie glo dat ek glo nie, maar ek glo! Ek hoor hoe Petrus en Paulus soms vir hulleself moes vra: "Hoe het ons van wat ons toe geglo het, gekom tot wat ons nou glo? Ons is uitverkies. Dis al!" (Ek het al gedink alle mense is uitverkies, vir party is dit net 'n leerstelling, weggebêre in die bladsye van die Bybel, maar vir ander is dit 'n werklikheid wat hulle elke dag vier!"celebrate". God kies die mense as sy vriend en die wêreld as sy woonplek!! Uitverkiesing is nie eksklusief/uitsluitend nie. Juis nie.)

Peperment 2: Ek is 'n vreemdeling in hierdie wêreld. Suig dit 'n bietjie. Laat dit op jou tong lê. Proe jy dalk iets soos tydelik, ongemaklik, buitestaander, uit-my-plek-uit, nie-my-plek-nie, anders, snaaks, verlang, ontuis? Dit is presies hoe 'n gelowige dikwels behoort te voel in geselskappe, in teaters, voor die TV, in boekwinkels, by vergaderings, in sekere geloofsgemeenskappe, by politieke vergaderings, in sekere buurtes en soms selfs in jou gesin. Ek is net nie gemaklik hier en hiermee nie. Iets sit nie lekker met my nie. Iets krap aan my. Iets pla my. Ek verstaan nie en word nie verstaan nie. Tipies vreemdeling. Moet dit nie anders wens nie. Dit moet so wees. Hou jou kritiese afstand. Moenie té tuis raak nie. Die wêreld is ons woning nie, ons praat 'n ander taal. 'n Mens wat die uitverkiesing vier, ervaar vreemdelingskap.

Peperment 3: Ons woon verspreid oor die aarde. Suig dit 'n bietjie. Laat dit op jou tong lê. Proe jy dalk deel-van-'n-groter-prentjie, deel van 'n verskeidenheid, deel van 'n groter saak? En proe jy dalk Goddelike strategie en geskiedenis? En wonder jy oor Europa, 1652, Jan van Riebeeck, Franse Hugenote, Britse Setlaars, Afrika, Suid-Afrika, 2020 ...? Proe jy dalk iets soos: "Ek is hier geplaas, ek is hier met 'n doel, ek is deel van die groter Goddelike strategie, deel van God se plan"? En as jy dalk weer pad gegee het hier, verstaan jy jou weggaan hier ook as deel van God se plan met en vir jou? En as jy dit proe voel jy tevrede met waar jy nou is? En glo jy dat jy verspreid is twv God en sy koninkryk. En speel jy jou Goddelike rol waar jy nou is?

Peperment 4: Ek is afgesonder tot gehoorsaamheid. Suig dit 'n bietjie. Laat dit op jou tong lê. Proe jy iets soos heelhartig, heeltemal, toewyding, gefokus, prioriteit en visie? En aanvaar en ervaar jy dat gehoorsaamheid aan God jou grootste en hoogste doel in die lewe is en dat jy jouself daaraan **WIL** toewy soos die atleet homself toewy aan die olimpiese droom? Ons weet mos dat die betekenis van sonde is om jou doel te mis, gehoorsaamheid daarenteen is om jou doel te bereik. Gehoorsaamheid lei tot die vervulling van jou roeping om mens te wees soos die Skeppergod dit bedoel het.

Peperment 5: Ek is besprinkel met die bloed van Christus. Suig dit 'n bietjie. Laat dit op jou tong lê. Proe jy dalk iets soos bloedbande, bloedbroers, bloedfamilie, so-na-aan-mekaar-as-wat-dit-kan-wees, inge-ent met Christus, verenig met Christus, Dawid-en-Jonatan, ek-en-Christus, onafskeidbaar

verbonde vir altyd? In my ore lui besprinkel-met-bloed die klokkie van die doop ... inge-ent met Christus. Suurlemoenboompie word 'n lemoenboom!

Laaste gedagte: Moet nooit haastig wees as jy Die Bybel lees nie. Lees stadig. Kou en herkou elke woord en gedagte voordat jy dit sluk. Suig dit, rol dit heen en weer in jou "mond" (hart, gedagtes). Elkeen van die gedagtes hierbo kan jou 'n hele dag lank besig hou. Om jou hiermee te help, volg op die laaste bladsy 'n opsomming, wat jy kan uitdruk en op jou yskas vertoon.

Meditasie uit die lewe:

Andrea Bocelli, die blinde Italiaanse sanger, het Sondagaand in die leë Duomo katedraal in Milaan gesing. Sy optrede is gratis vertoon via Youtube. Ek het my soos altyd aan sy stem verluister en my hierdie keer ook verkyk aan die ou man wat die orrel gespeel het ... presies en perfek. Aan die einde staan Andrea op die stoep van die katedraal terwyl kameraskote van leë en stil wêreldstede soos Parys, Londen en New York gewys word. En **die blinde Andrea** sing: "Amazing grace, how sweet the sound, that saved a wretch like me ! I once was lost but now I'm found, **was blind but now I see**". Ironies. Miskien is hy nie nêr 'n sanger nie, maar ook 'n profeet. Ek hoop so! Ek hoop ons almal gaan nou sien wat ons nog altyd misgekyk het.

Voorstelle vir lees en kyk en luister:

Van ons mens vra of ons nie video-opnames maak nie. Nee, nog nie! Daar is reeds so baie wonderlike materiaal beskikbaar op Youtube. Jy kan gerus na die volgende gaan kyk in hierdie week. Volgende week sal ons weer iets anders aanbeveel.

Henri Nouwen: <https://www.youtube.com/watch?v=ED04lAnWv3o>

Bibleproject tov 1 Petrus: <https://www.youtube.com/watch?v=WhP7AZQlzCg>

The Chosen Season 1 Episode 1: <https://www.youtube.com/watch?v=craeyJdrCsE>

Die Toekoms

Wat weet ons tog van die toekoms? Wat ons nou weet is dat ons nie op 19 en 26 April in die kerkgebou bymekaar kom nie. Voorlopig, maar net voorlopig, kom ons weer saam op 3 Mei om 09:30 tensy ons steeds wetlik verbied word. Hou maar die media dop. Ons is graag wetsgehoorsame burgers.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jin1@telkomsa.net

Sien die yskas-opsomming op bladsy drie hieronder.

**Ek is meer as net maar nog 'n mens ... baie meer.
Vreemd dat dit my nederig maak.**

1 Pet 1:2,3	
Uitverkies	Gekies as God se vriend? Ek? Regtig? Hoekom? Dit is iets om te vier!!!
Vreemdeling	Ek is bietjie ongemaklik met hierdie tyd en plek!
Verspreid	Hoekom is ek nou spesifiek hier?
Afgesonder	Vandag wil ek raak skiet, my doel bereik, gehoorsaam wees.
Besprinkel	Inge-ent met Christus. Ek is 'n nuwe boom! Ek dra Goddelike vrugte